29. Noem die onafhanklike organisasie wat onbevooroordeelde uitsprake tussen werkgewers en werknemers kan maak wanneer hulle versoek word om 'n dispuut wat ingevolge die WAV na hulle verwys is, te besleg.

- A** KBVA
- B** NEAOR
- C** WBDV
- D** SAKO

30. Die volgende optrede kan dissiplinêre prosedures tot gevolg hê:

- I. gereelde laatkommery.
- II. weiering om tydens die Nasionale grendeltydperkfase 'n gesigmasker by die werk te dra.
- III. weiering om 'n haarnet te dra terwyl daar met kos gewerk word.
- IV. weiering om 'n onredelike opdrag te volg.

- A** I, II en III
- B** II, III en IV
- C** I, III en IV
- D** I, II en IV

PROVERTO EBW OLYMPIADE 2023 – GRAAD 12

RONDE TWEE

VAK: Besigheidstudies

Wetgewing en eise vir regstelling en billikheid

Gebruik die inligting hier onder en beantwoord die vraag wat volg:

Artikel 19(3) van die Konvensie oor Ekonomiese, Sosiale en Kulturele Regte (ICCPR) lui: “Die uitoefening van die regte op [vryheid van uitdrukking], dra spesiale pligte en verantwoordelikhede. Dit kan dus aan sekere beperkinge onderhewig wees, maar hulle sal slegs wees wat deur die wet voorsien word en nodig is, (a) Vir respek vir die regte of reputasies van ander; (b) Vir die beskerming van nasionale veiligheid of van openbare orde of van openbare gesondheid of sedes.”

(<http://constitutionnet.org>)

- Die bogenoemde uittreksel is 'n voorbeeld van ____
 - 'n etiese kode.
 - 'n beperkingsklousule.
 - 'n gedragsklousule.
 - Die Wet op Arbeidsverhoudinge.
- Een van die doelwitte van die Wet op Vaardigheidsontwikkeling is om ____
 - beperkte geleenthede vir leer in die werkplek te bied.
 - onbillike diskriminasie in indiensneming uit te skakel.
 - die vlak van belegging in onderwys en opleiding te verbeter.
 - werksgeleenthede vir minderbevoorregtes te verbeter.
- Watter van die volgende is 'n pilaar van die BBSEB?
 - Besighede moet 40% voorheen benadeelde eienaarskap hê.
 - Besighede moet verskaffers gebruik wat voorheen benadeeldes in diens het.
 - Besighede moet meer voorheen benadeelde werknemers bemagtig om bestuurders te word.
 - Al die bogenoemde.

Menslike Hulpbron funksie

Gebruik die inligting hier onder en beantwoord Vrae 4, 5 en 6.

Amy is 'n kassier by 'n plaaslike kleinhandelonderneming. Die onderstaande inligting verskyn op Amy se betaalstrokie:

Werknemer:	Amy Johnson		
Bruto salaris:	R10 000		
Aftrekkings:		Bydraes:	
Belasting:	R2 500		
WVF:	R100	WVF:	R100
Pensioenfonds:	R750	Pensioenfonds:	R100
Netto salaris: Onbekend			

4. Watter tipe vergoedingstruktuur ontvang Amy?
- A Koste vir maatskappy.
 B Bruto salarisstruktuur.
 C Koste plus voordele.
 D Netto salarisstruktuur.
5. Wat is Amy se netto salaris?
- A R10 200
 B R6 650
 C R10 750
 D R12 500
6. Verduidelik die WVF-aftrekking en bydrae.
- A 1% van die netto salaris word deur werknemer en werkgever bygedra.
 B 2% van bruto salaris word deur die werknemer bygedra.
 C 2% van die netto salaris word deur die werknemer bygedra.
 D 1% van bruto salaris word deur werknemer en werkgever bygedra.

Professionalisme en Etiek

7. Die manier waarop maatskappye hulself meet om aan te dui dat hulle sosiaal -, ekonomies - en omgewingsverantwoordelik optree.
- A Gebalanseerde Telkaart.
 B FTSE/JEB Verantwoordelike Beleggingsindeks.
 C GRI.
 D BBSEB-telkaart,
8. Wanneer Maatskappydirekteure erken dat 'n onetiese sakepraktyk tydens hul bestuur plaasgevind het, vertoon hulle die volgende eienskap(pe):
- A Integriteit
 B Deursigtigheid
 C Aanspreeklikheid
 D Al die bogenoemde.

Gebruik die uittreksel hier onder om Vraag 9 te beantwoord.

Konsultasie/Raadpleging

Burgers moet geraadpleeg word oor die vlak en gehalte van die openbare dienste wat hulle ontvang en moet, waar moontlik, 'n keuse kry oor die dienste wat aangebied word.

Dienststandaarde

Burgers moet ingelig word watter vlak en kwaliteit van die openbare diens hulle sal ontvang sodat hulle bewus is van wat om te verwag.

Toegang

Alle burgers moet gelyke toegang hê tot die dienste waarop hulle geregtig is.

(localgovernmentaction.org.dedi6.cpt3.host-h.net)

9. Identifiseer die dokument wat riglyne bevat vir die regulering van etiek binne die regering.
- A Nelson Mandela Beginsels.
 - B Batho Pele Beginsels.
 - C Nasionale Etiese Beginsels.
 - D AARP Beginsels.

Kreatiewe denke en Probleemoplossing

Los die volgende laterale denke raaisels op vir Vrae 10, 11 en 12.

10. 'n Wortel, 'n serp en vyf stukke steenkool lê op jou buurman se grasperk. Niemand het hulle op die grasperk neergesit nie, maar daar is 'n eenvoudige, logiese rede waarom hulle daar is. Wat is die rede?
- A Hulle het uit die inkopiesak geval.
 - B Die hond het hulle uitgesleep om aan te kou.
 - C Die items is deur kinders gebruik om 'n sneeman te bou wat intussen gesmelt het.
 - D 'n Kind speel 'n aantrekspeletjie (dress-up).
11. 'n Man stoot sy motor totdat hy 'n hotel bereik. Wanneer hy daar arriveer, speel hy bankrot. Wat het gebeur?
- A Sy brandstof het opgeraak.
 - B Hy speel Monopoly en sy bordstuk is die motor.
 - C Hy is die hotel-eienaar en is op pad bank toe.
 - D Geen van die boegenoemde nie.
12. Die geluid van Brian se gesnork is gewoonlik net irriterend, maar vandag veroorsaak dit terreur en paniek. Hoekom?
- A Brian loop in sy slaap.
 - B Brian is die naam van 'n bus.
 - C Brian is die naam van 'n troeteldier beer.
 - D Brian is 'n busbestuurder.

Uitdagings in die Makro-omgewing

Gebruik die inligting hier onder en beantwoord Vrae 13 en 14.

Volgens die Departement van Energie is April 'n belangrike maand in die brandstofpryskalender om pad- en pypleidingtariewe asook brandstof- en Padongelukkefonds(POF)-heffings te hersien om in die prysstrukture van petrol, diesel en verhelderende paraffien (IP) geïmplementeer te word.

(<https://businesstech.co.za/news/energy/308090/here-is-the-official-petrol-price-for-april-2019>)

13. Identifiseer die sosiale uitdaging wat deur die inligting hierbo geskep word.
- A Verminderde druk op burgers se inkomste lei tot 'n toename in lewenstandaard en 'n afname in armoede.
 - B Verhoogde druk op burgers se inkomste lei tot 'n afname in lewenstandaard en 'n toename in armoede.
 - C Meer werksgeleenthede word geskep, wat tot 'n verhoogde lewenstandaard lei.
 - D Internasionale beleggers sien Suid-Afrika as 'n gunstige en stabiele ekonomie.
14. Wat kan 'n moontlike oplossing vir kleinhandelondernemings wees in reaksie op die uitdaging hierbo genoem?
- A Skuif fabriekke verder van kleinhandelwinkels af om vervoerkoste te verhoog.
 - B Neem aan 'n onbeskermdede staking deel.
 - C Skuif vervaardigingsfabriekke nader aan kleinhandelwinkels om die vervoer van goedere te beperk.
 - D Onderhandel vir 'n laer brandstofprys van 'n plaaslike verskaffer.

Menseregte, Inklusiwiteit en Omgewingskwessies

15. Die oorstromings in Suid-Afrika vanaf Februarie tot Maart 2023 is deur swaar reënval as gevolg van die La Niña-weerverskynsel veroorsaak. Die koste van die skade is na raming ongeveer R_____ in die Oos-Kaap en R_____ in Mpumalanga.
- A 4,5 miljard en 337 miljoen
 - B 3,7 miljoen en 445 miljard
 - C 17 miljard en 500 miljoen
 - D 1 miljoen en 100 duisend
16. Wat was die cholera-dodetal in Suid-Afrika in Junie 2023?
- A 15
 - B 31
 - C 40
 - D 45
17. Watter KSV-organisasie het in KZN ná die vloede van 2022 die meeste tot die hulpverleningspogings bygedra?
- A DBV.
 - B KFC Add Hope.
 - C Gift of the Givers.
 - D Ekukhanyeni Relief Project.

Strategieë om op uitdagings te reageer

18. A Woolworths winkelbestuurder kan hul verhouding met hul verskaffer verbeter deur _____
- A vinnige betaling vir dienste te verseker.
 - B met die ander franchise-eienaars saam te werk om die verskaffer te boikot.
 - C die vertraging van betaling om die likiditeit van die verskaffer te verbeter.
 - D hul KSV-bydrae te verminder.

19. Wanneer 'n besigheid probeer om koste te verminder deur meer doeltreffend te wees, is dit deel van 'n _____ strategie.
- A algemene
 - B driedubbele slotreël
 - C kostevermindering
 - D lae koste

Spanprestasie en Konflikbestuur

20. 'n _____ gee 'n instruksie oor hoe konflik opgelos moet word wat bindend is op die betrokke partye.
- A Arbitrêr
 - B Bemiddelaar
 - C Onderhandelaar
 - D Franchisegewer
21. Wanneer 'n bestuurder van die menslike, inligting, materiaal en ander hulpbronne van die besigheid gebruik kan maak, staan dit bekend as _____
- A Spanwerk Bevoegdheid.
 - B Organisasoriese Bevoegdheid.
 - C Strategiese Bewustheid Bevoegdheid.
 - D Wêreldwye Bewustheid Bevoegdheid.
22. Wanneer 'n huidige werknemer leiding en hulp aan 'n nuwe werknemer verskaf, staan dit bekend as _____ wat as _____ gesien kan word.
- A induksie, nie-werksverwante opleiding
 - B mentorskap, indiensopleiding
 - C mentorskap, nie-werksverwante opleiding
 - D toesighouding, nie-werksverwante opleiding

Sake-omgewings en -sektore

23. Kliënte beskik oor 'n hoë vlak van mag wanneer _____
- A die besigheid baie plaasvervanger produkte in die mark het.
 - B die besigheid baie groot kliënte het.
 - C daar 'n paar verskaffers in die mark is.
 - D die regering toegang tot die mark beheer.
24. Die bestuur van Woolworths gebruik totale bates: totale laste as maatstaf van _____ wanneer 'n gehalte prestasie kontrole gedoen word.
- A solvensie
 - B winsgewendheid
 - C likiditeit
 - D hefboomfinansiering

Bestuur en Leierskap

25. Die belangrikste bestuurstake staan algemeen bekend as POLC. Waarvoor staan POLC?
- A Beplanning, Organisering, Leiding en Gesaguitvoering.
 - B Beplanning, Aanbieding, Leiding en Gesaguitvoering.
 - C Beplanning, Organisering, Leiding en Kontrole .
 - D Aankope, Organisering, Lening en Gesaguitvoering.
26. Wanneer 'n bestuurder by Woolworths met 'n kassier werk wat nie van verandering hou nie, sal dit die beste wees om _____
- A te probeer verduidelik hoe alle personeellede by die verandering sal baat.
 - B die personeellid te bevorder.
 - C met die personeellid saam te stem en alle veranderinge stop te sit.
 - D selfs meer verandering in die besigheid te bewerkstellig.

Gehalte prestasie

27. Watter een van die volgende volhoubaarheidsfaktore is deel van die “drie dubbele slotreël benadering” (geïntegreerde) verslagdoening metingsinstrument?
- A Politieke volhoubaarheid.
 - B Omgewingsvolhoubaarheid.
 - C Tegniese volhoubaarheid.
 - D Mededingende volhoubaarheid.
28. Watter van die volgende aksies sal deur die Voorsieningskettingbestuurder by Woolworths uitgevoer word?
- A Ondersoek die proses van ontginning van ru-olie vir die lewering van brandstof.
 - B Verseker die etiese behandeling van koffieboere vir die Café-koffiewinkels.
 - C Monitor van die voorraadvlakke vars melk om te voorkom dat die melk suur word.
 - D Al die bogenoemde.
29. Watter van die volgende is volgens die King Code 'n verantwoordelikheid van direkteure?
- A Fidusiêre plig.
 - B Die plig om met die nodige sorg en vaardigheid op te tree.
 - C Handhaaf altyd 'n etiese leierskapstyl.
 - D Al die bogenoemde.
30. Die benadering wat gebruik word om sleutel uitkomst te beskryf wat die onderneming wil meet om hierdie uitkomst te verbeter, word die _____ genoem.
- A Hulpbrongebaseerde Benadering
 - B Gebalanseerde Telkaart
 - C Waardeketting Analise
 - D SSGB

BESIGHEIDSTUDIES
GRAAD 12
RONDE 1 & 2

2022

VORIGE VRAESTEL

PROVERTO EMS OLIMPIADE GRAAD 12

BESIGHEIDSTUDIES

RONDE EEN

KIES DIE MEES KORREKTE OPSIE VIR VRAE 1 TOT 30.

IMPAK VAN ONLANGSE WETGEWING OP BESIGHEID – REAKSIE OP EISE VIR REGSTELLING EN GELYKHEID

1. 'n Werknemer in Suid-Afrika mag 'n maksimum van:
 - A 8 ure per dag in 'n 5-dag week werk.
 - B 9 ure per dag in 'n 5-dag week werk.
 - C 9 ure per dag in 'n 6-dag week werk
 - D 10 ure per dag in 'n 6-dag week werk.

2. Watter een van die volgende dui aan dat 'n maatskappy aan die Wet op Breë-Basis Swart Ekonomiese Bemagtiging (BBSEB) Nr. 53 van 2003 voldoen?
 - A Voorheen benadeelde werknemers se werksomstandighede voldoen aan die minimum vereistes.
 - B Indiensnemingsvoorkeur word aan vroulike werknemers gegee.
 - C Die direkte bemagtiging van voorheen benadeelde werknemers deur 'n gedeelte van die eienaarskap aan hulle te gee.
 - D Verseker dat voorheen benadeelde gestremde werknemers fisiese toegang tot die werkplek het.

3. Watter van die volgende is 'n pilaar van BBSEB (BBBEE)?
 - A Besighede moet aandeelhouers hê van voorheen benadeelde groepe.
 - B Besighede moet verskaffers gebruik wat besit word deur voorheen benadeelde groepe.
 - C Besighede moet meer voorheen benadeelde werknemers bemagtig om bestuurders te word.
 - D Al die bogenoemde.

4. Een van die doelwitte van die Wet op Vaardigheidsontwikkeling is om:
 - A beperkte geleenthede vir leer in die werkplek te bied.
 - B onbillike diskriminasie in die werkplek te elimineer.
 - C die vlak van belegging in onderwys en opleiding te verbeter.
 - D werkgeleenthede vir minderbevoorregte mense te verbeter.

PROFESSIONALISME EN ETIEK

5. Vir 'n besigheid om eties op te tree, moet regverdigheid op al die besigheid se optrede en besluite toegepas word. Wat beteken dit vir 'n besigheid om regverdig te wees?
- A Besighede moet regverdig wees teenoor kliënte en gevolglik die laagste moontlike prys vra.
 - B Besighede moet regverdig wees teenoor die omliggende gemeenskap deur betrokkenheid by KSV-programme.
 - C Besighede moet regverdig wees teenoor hul aandeelhouders en dus wins maksimaliseer.
 - D Besighede moet regverdig wees teenoor alle belanghebbendes en dus die impak wat hul besluite op hierdie belanghebbendes sal hê, oorweeg.
6. Die volgende stelling is ONWAAR. Korreger die onderstreepte woorde om dit WAAR te maak. Die Nuttigheidsteorie is die etiese teorie wat gebaseer is op die idee dat die doel die uitkoms regverdig.
- A Gevolg-gebaseerde teorie
 - B Narratiewe teorie
 - C Beginsel-gebaseerde teorie
 - D Teologie-gebaseerde teorie
7. 'n Bekende kleinhandelwinkel het die volgende stelling in hul jaarverslag gemaak:
"Effektiewe korporatiewe bestuur word as 'n noodsaaklike komponent en bydraer tot die Groep se volgehoue prestasie beskou wat dit verpligtend maak, ongeag die finansiële posisie waarin die maatskappy homself bevind."
- Hierdie benadering tot etiek verwys na:
- A die narratiewe teorie.
 - B die gevolg-gebaseerde teorie.
 - C die beginsel-gebaseerde teorie.
 - D geen van die bogenoemde nie.
8. 'n Onwettige optrede waar mededingers ooreenstem om kopers 'n voorafbepaalde prys te vra, staan bekend as:
- A prysaanpassings.
 - B prysvasstelling.
 - C pryshersiening.
 - D prysonderhandelinge.
9. Kies die definisie wat 'n Etiese Kode die beste beskryf.
- A 'n Stel onregverdige reëls en regulasies.
 - B 'n Gids oor hoe om betroubaar te wees.
 - C 'n Gids om werknemers en werkgewers te help om etiese besluite in die werkplek te neem.
 - D 'n Stel riglyne vir korrupsie in die werkplek.

KREATIEWE DENKE EN PROBLEEMOPLOSSING

10. Watter probleemoplossingstegniek sal 'n besigheid gebruik wanneer dit 'n etiese oorweging van kwessies benodig?
- A TGB (TQM)
 - B RIMS
 - C BSC
 - D SSGB
11. Watter probleemoplossingstegniek sal 'n besigheid gebruik wanneer hulle verskillende uitkomst op 'n gebeurtenis wil aandui?
- A Besluitnemingsboom
 - B Voordele en nadele kaart
 - C Differensiasie
 - D Fokus strategie
12. Totale gehaltebestuur vereis die betrokkenheid van:
- A top- en middelvlak bestuur.
 - B laevlak bestuur.
 - C gehaltekontroleerders.
 - D alle werknemers van 'n organisasie.
13. Watter een van die volgende is 'n probleemoplossingstegniek wat op vier hoofperspektiewe fokus om prestasie te verbeter?
- A Waardeketting analise (Value chain analysis).
 - B Hulpbrongebaseerde analise.
 - C Gebalanseerde telkaart.
 - D Delphi tegniek.
14. Kies die mees korrekte volgorde van die stappe in probleemoplossing:
1. Versamel en ontleed alle inligting.
 2. Identifiseer moontlike oplossings.
 3. Identifiseer faktore vir besluitneming.
 4. Definieer die probleem.
 5. Monitor en beheer die besluit.
 6. Ontwikkel en implementeer 'n plan van aksie.
- A 4, 1, 3, 2, 6 en 5
 - B 1, 4, 3, 2, 5 en 6
 - C 3, 4, 2, 1, 5 en 6
 - D 4, 3, 1, 2, 6 en 5

UITDAGINGS VAN DIE MAKRO BESIGHEIDSOMGEWING

15. Op 1 April 2022 het die korporatiewe belastingkoers in Suid-Afrika:
- A tot 27% gedaal.
 - B onveranderd gebly op 28%.
 - C tot 29% gestyg.
 - D tot 30% gestyg.
16. Watter van die volgende publieke uitdagings plaas addisionele laste en uitgawes op besighede aangesien hulle beleide, ondersteuningstelsels en leersame programme moet ontwikkel om die uitdagings aan te spreek?
- A Politieke uitdagings.
 - B Wetlike uitdagings.
 - C Sosio-ekonomiese uitdagings.
 - D Ekonomiese uitdagings.
17. Watter van die volgende bedrywe het tydens die Nasionale Grendeltydperk van 2020 en 2021 die beste gevaar?
- A Toerismebedryf
 - B Huisverbeteringsbedryf
 - C Vervoerbedryf
 - D Lewendige vermaakbedryf
18. Die Prima-rentekoers van Suid-Afrika was gedurende die meerderheid van 2021 teen 'n 50-jaar laagtepunt. Na watter persentasie word verwys?
- A 6.75%
 - B 7.00%
 - C 7.25%
 - D 7.50%
19. Swak ekonomiese groei, beperkende arbeidsregulasies en 'n gebrek aan vaardighede en opvoedkundige ontwikkeling het tot grootskaalse werkloosheid in Suid-Afrika bygedra. Wat was Suid-Afrika se werkloosheidskoers gedurende kwartaal 3 van 2021 (K3, 2021)?
- A 28.4%
 - B 34.9%
 - C 39.2%
 - D 44.7%

BURGERSKAP: ROLLE EN VERANTWOORDELIKHEDE

20. Die primêre doelwit van 'n besigheid is:
- A maksimalisering van wins.
 - B korporatiewe sosiale verantwoordelikheid.
 - C korporatiewe maatskaplike belegging.
 - D korporatiewe burgerskap.
21. Driedubbele Verslagdoening sluit in:
- A ekonomiese-, omgewings- en globale aspekte.
 - B omgewings-, globale- en finansiële aspekte.
 - C ekonomiese-, omgewings- en sosiale aspekte.
 - D omgewings-, sosiale- en globale aspekte.
22. Watter een van die volgende is 'n voorbeeld van Korporatiewe Sosiale Belegging (KSB)?
- A As 'n kleinhandelaar produkte teen 'n laer prys as sy mededingers verkoop.
 - B Wanneer 'n besigheid geld in sy IT-infrastruktuur belê.
 - C Wanneer die besigheid die skoolgelde van sy permanente werknemers se kinders betaal.
 - D As 'n besigheid sy bemarkingsbegroting verhoog om 'n nuwe produk bekend te stel.

ONDERNEMINGSFUNKSIES (BEMARKING, MENSLIKE HULPBRONNE EN PRODUKSIE)

23. Watter van die volgende sal NIE deel van die kleinhandelwinkel se bemarkingsplan vorm nie?
- A Dinkskrum van strategieë om verbruikers se klagtes doeltreffend te hanteer.
 - B Om volgens die boek m.b.t. lone op te tree.
 - C Ontwikkeling van herwinbare verpakking.
 - D Internasionale uitbreiding van die handelsmerk.
24. Die hoof funksie(s) van prestasiebeoordeling is:
- A om terugvoer oor prestasie aan werknemers te gee en om toekomsverwagtinge te kommunikeer.
 - B om sterkpunte en swakpunte te identifiseer en strategieë in te stel om sterkpunte te benut en swakpunte te verbeter.
 - C om kwessies m.b.t. indiensneming te bespreek soos salarisverhogings, bonusse, voordele en bevorderingsmoontlikhede.
 - D al die bogenoemde.
25. As 'n Menslike Kapitaalbestuurder moet jy verseker dat 'n kontrak tussen die besigheid en die werknemer onderteken word. Op watter wet sal jy die kontrak baseer?
- A Arbeidswetgewing
 - B Wet op Vaardigheidsontwikkeling
 - C Wet op Werkgewing
 - D Wet op Basiese Diensvoorwaardes

26. Watter van die volgende verwys na 'n strategie wat poog om 'n nuwe mark vir 'n bestaande produk of diens waarmee jy reeds bekend is, te ontwikkel?
- A Produkontwikkeling
 - B Diversifikasie
 - C Markontwikkeling
 - D Markpenetrasie
27. Mr Price het 'n omvattende personeel induksieprogram. Dit impliseer dat:
- A bestaande werknemers voorkeur kry met oorweging vir bestuursposte wat gevul moet word.
 - B daar van alle nuwe werknemers verwag word om 'n seminar oor die missie, visie en doelwitte van die organisasie by te woon.
 - C werknemers 'n jaarlikse prestasie-evaluering moet ondergaan wat deur topvlak-bestuur voltooi word.
 - D eksterne bronne gebruik sal word om vakante poste in Mr Price se bedryfsafdeling te vul.
28. Voordat werwing plaasvind sal 'n besigheid van mannekragbeplanning gebruik moet maak. Wat impliseer dit?
- A Bepaling van al die take en verantwoordelikhede wat verband hou met elke pos in 'n organisasie.
 - B Bepaling van die kwalifikasies, vaardighede en ervaring wat 'n werknemer benodig om die werk te doen.
 - C Om 'n bestaande werknemer na 'n nuwe posisie te skuif.
 - D Skatting van die aantal werknemers sowel as die vaardigheidsvlak van die werknemers wat benodig word vir die besigheid om suksesvol te funksioneer.
29. Noem die onafhanklike organisasie wat onbevooroordeelde beslissings tussen werkgewers en werknemers kan maak om 'n geskilbeslegting ingevolge die WAV op te los.
- A KVBA (CCMA)
 - B NEOAR (NEDLAC)
 - C WBDV (BCEA)
 - D SAKO (SAQA)
30. Die volgende optrede mag tot dissiplinêre prosedures lei:
- I. die gewoonte om laat te arriveer.
 - II. weiering om 'n gesigmasker by die werk te dra tydens die Nasionale Grendeltydperk.
 - III. weiering om 'n haarnet te dra wanneer daar met voedsel gewerk word.
 - IV. weiering om 'n onredelike instruksie te volg.
- A I, II en III
 - B II, III en IV
 - C I, III en IV
 - D I, II en IV

PROVERTO EMS OLYMPIADE 2022 – GRAAD 12

RONDE TWEE

Onderwerp: Wetgewing en eise vir regstelling en diensbillikheid

Gebruik die inligting hieronder en beantwoord die vraag wat volg:

Artikel 19(3) van die ICCPR lui: “Die uitoefening van die regte op [vryheid van uitdrukking], dra spesiale pligte en verantwoordelikhede daarmee saam. Dit kan dus aan sekere beperkings onderhewig wees, maar hierdie beperkings sal volgens die wet/wetgewing bepaal word en benodig word, (a) Vir respek vir die regte of reputasies van ander; (b) Vir die beskerming van nasionale veiligheid of van openbare orde of van openbare gesondheid of sedes.”

(<http://constitutionnet.org>)

1. Waarvan is die uittreksel hierbo ‘n voorbeeld?
 - A Etiese kode.
 - B Beperkingsklousule.
 - C Gedragskode.
 - D Wet op Arbeidsverhoudinge.
2. Die brandstofpompe by vulstasies moet duidelik die prys van die petrol en diesel aandui. Die volgende is ‘n voorbeeld van watter regte ingevolge die Wet op Verbruikersbeskerming?
 - A Reg op regverdige en verantwoordelike bemerking.
 - B Reg op billike waarde, goeie gehalte en veiligheid.
 - C Reg om te kies.
 - D Reg op openbaarmaking van inligting.
3. Watter van die volgende wetgewing het die regering in staat gestel om ‘n nasionale inperking te implementeer?
 - A Pandemiese Verligtingswet.
 - B Wet op Vergoeding vir Beroepsbeserings en -siektes.
 - C Wet op Rampbestuur.
 - D Wet op Beroepsgesondheid en -veiligheid.

Onderwerp: Menslike Hulpbronne funksie

Gebruik die onderstaande inligting en beantwoord Vrae 4, 5 en 6.

Amy is 'n kassier by 'n plaaslike kleinhandelonderneming. Die inligting hieronder verskyn op Amy se betalingstrokie:

Werknemer:	Amy Johnson		
Bruto salaris:	R10 000		
Aftrekkings:		Bydraes:	
Belasting:	R2 500		
WVF:	R100	WVF:	R100
Pensioenfonds:	R750	Pensioenfonds:	R100
Netto salaris: Onbekend			

4. Watter soort vergoedingstruktuur ontvang Amy?
- A Koste vir maatskappy.
 - B Bruto salarisstruktuur.
 - C Koste plus voordele.
 - D Netto salarisstruktuur.
5. Wat is Amy se netto salaris?
- A R10 200
 - B R6 650
 - C R10 750
 - D R12 500
6. Verduidelik die WVF-aftrekking en -bydrae.
- A 1% van die netto salaris deur werknemer en werkgewer bygedra.
 - B 2% van die bruto salaris deur die werknemer bygedra.
 - C 2% van die netto salaris deur die werknemer bygedra.
 - D 1% van die bruto salaris deur werknemer en werkgewer bygedra.

Onderwerp: Professionalisme en Etiek

7. Watter van die volgende scenario's kan as eties beskou word?
- A 'n Spaza-winkelleienaar verhoog die pryse van goedere in 'n landelike gebied omdat daar geen ander mededingers in haar area is nie.
 - B Die HUB van Checkers gebruik die onderneming se petrolkaart om vir ontspanning na Kaapstad te reis.
 - C Werknemers van sosiale media in die bemarkingsafdeling reageer tydens werksure op kommentaar en navrae op hul Instagram-blad.
 - D 'n Werknemer gee vir sy bestuurder vir sy verjaarsdag 'n plasma TV.

8. Die volgende kan 'n voorbeeld van disfunksionele konflik wees:
- A Werkers raak by 'n fisiese bakleiery betrokke.
 - B 'n Vakbond reël 'n staking vir billike werksomstandighede.
 - C Die Menslike Hulpbronne bestuurder reël 'n werkswinkel oor kulturele bewustheid nadat twee werknemers oor kultuurverskille geargumenteer het.
 - D Die bestuurder besef dat 'n werknemer deur 'n rowwe tyd in sy persoonlike lewe gaan nadat hy 'n emosionele ineenstorting gehad het.

Gebruik die uittreksel hieronder om Vraag 9 te beantwoord.

Raadpleging

Burgers moet geraadpleeg word oor die vlak en gehalte van die openbare dienste wat hulle ontvang en, waar moontlik, moet 'n keuse gegee word m.b.t. die dienste wat aangebied word.

Diensstandaarde

Burgers moet ingelig word oor die vlak en kwaliteit van die dienslewering wat hulle sal ontvang sodat hulle weet wat om te verwag.

Toegang

Alle burgers moet gelyke toegang hê tot die dienste waarop hulle geregtig is.

(localgovernmentaction.org/dedi6.cpt3.host-h.net)

9. Identifiseer die dokument wat riglyne bevat vir die regulering van etiek in die regering.
- A Nelson Mandela Beginsels.
 - B Batho Pele Beginsels.
 - C Nasionale Etiek Beginsels.
 - D AARP Beginsels.

Onderwerp: Kreatiewe denke en Probleemoplossing

Los die laterale denkprobleme hieronder op vir Vrae 10, 11 en 12.

10. 'n Wortel, 'n serp en vyf stukke steenkool word op jou buurman se grasperk gevind. Niemand het hulle op die grasperk geplaas nie, maar daar is 'n eenvoudige, logiese rede waarom hulle daar lê. Wat is die rede?
- A Die items het uit die inkopiesak geval.
 - B Die hond het die items uitgesleep om aan te kou.
 - C Die kinders het die items gebruik om 'n sneeuman te bou wat intussen gesmelt het.
 - D 'n Kind speel 'n fantasiespeletjie en trek verskillende uitrustings aan.
11. 'n Man stoot sy motor totdat hy 'n hotel bereik. Wanneer hy daar aankom, raak hy bankrot. Wat het gebeur?
- A Sy brandstoftenk was leeg.
 - B Hy speel Monopoly en sy Monopoly-stuk is die motor.
 - C Hy is die hoteleienaar en gaan bank toe.
 - D Geen van die bogenoemde nie.

12. Die geluid van Brian se gesnork is gewoonlik net irriterend, maar vandag veroorsaak dit terreur en paniek. Hoekom?
- A Brian wandel in sy slaap.
 - B Brian is die naam van 'n bus.
 - C Brian is die naam van 'n troeteldier beer.
 - D Brian is 'n busbestuurder.

Onderwerp: Uitdagings in die Makro-omgewing

Gebruik die inligting hieronder en beantwoord Vrae 13 en 14.

April is 'n belangrike maand in die brandstofpryskalender om pad- en pyplyntariewe, asook brandstof- en Padongelukkefonds (POV) heffings te hersien wat in die prysstrukture van petrol, diesel en paraffien (IP) geïmplementeer moet word, het die Departement van Energie gesê.

<https://businesstech.co.za/news/energy/308090/here-is-the-official-petrol-price-for-april-2019>

13. Identifiseer die sosiale uitdaging wat deur die inligting hierbo geskep word.
- A Verminderde druk op burgers se inkomste wat lei tot 'n toename in lewenstandaard en afname in armoede.
 - B Verhoogde druk op burgers se inkomste wat lei tot 'n afname in lewenstandaard en toename in armoede.
 - C Meer werksgeleenthede word geskep wat tot 'n verhoogde lewenstandaard lei.
 - D Internasionale beleggers beskou Suid-Afrika as 'n gunstige en stabiele ekonomie.
14. Wat kan 'n moontlike oplossing vir kleinhandelondernemings wees in reaksie op die uitdaging wat hierbo genoem word?
- A Verskuif fabriekke verder van kleinhandelwinkels om vervoerkoste te verhoog.
 - B Neem aan 'n onbeskermdede staking deel.
 - C Verskuif vervaardigingsfabriekke nader aan kleinhandelwinkels om vervoer van goedere te beperk.
 - D Onderhandel vir 'n laer petrolprys van 'n plaaslike verskaffer.

Onderwerp: Korporatiewe Sosiale Verantwoordelikheid

15. KwaZulu-Natal Premier Sihle Zikalala sê die voorlopige koste van skade ná die onrus en plundering in KZN word op R_____ beraam.
- A 2 miljard
 - B 7 miljoen
 - C 17 miljard
 - D 1 miljard

16. Ongeveer __ van die Suid-Afrikaanse volwasse bevolking is ten volle teen COVID ingeënt.
- A Tussen 10 en 15%
 - B Tussen 29 en 32%
 - C Tussen 35 en 40%
 - D Tussen 42 en 45%
17. Watter KSV-organisasie het die meeste bygedra tot die noodlenigingspogings in KZN na die oorstromings van 2022?
- A DBV.
 - B KFC Add Hope.
 - C Gift of the Givers.
 - D Ekukhanyeni Relief Project.

Onderwerp: Menseregte, Inklusiwiteit en Omgewingskwessies

18. Die fonds wat gebruik is om tydens die COVID-19 inperking verligting aan werknemers te bring, was:
- A RAF.
 - B WVB.
 - C WVF.
 - D TERS.
19. Van watter wetgewende dokument vorm die Handves van Regte deel?
- A Wet op Arbeidsverhoudinge.
 - B Die Grondwet.
 - C KVBA.
 - D Wet op Basiese Diensvoorwaardes.

Onderwerp: Spanprestasie en Konflikbestuur

20. Watter van die volgende kan as arbitrasie beskryf word?
- A Die bestuurder van 'n Shoprite-winkel fasiliteer 'n dispuut tussen werknemers om hul griewe te help oplos.
 - B Twee werknemers kan nie oor die konsep vir 'n nuwe bemarkingsveldtog saamstem nie. Die bemarkingsbestuurder los die probleem op deur self 'n konsep te kies.
 - C Raadslede werk vreedsaam deur hul meningsverskil met geen ingryping deur 'n derde party nie.
 - D Die HUB maak voorstelle oor 'n meningsverskil. Die keuse bly egter dié van die betrokke gegriefde partye.
21. Die volgende dokument beskryf die gedrag wat van werknemers verwag word, insluitend kleredrag en stiptelikheid:
- A Etiese kode.
 - B Wet op Arbeidsverhoudinge.
 - C Gedragskode.
 - D Dienskontrak.

22. Wat noem 'n mens konflik wat kreatiwiteit stimuleer?

- A Disfunsionele konflik.
- B Funsionele konflik.
- C Bestuurskonflik.
- D Spankonflik.

Onderwerp: Besigheidsomgewings en -sektore

23. Watter van die volgende sal gebruik word om die interne omgewing te analiseer?

- I. Waardeketting analise.
- II. Hulpbrongebaseerde analise.
- III. PESTLE analise.
- IV. Porter se ses kragte-model.

- A Slegs I en II.
- B Slegs I, III en IV.
- C Slegs I en III.
- D Al die bogenoemde.

24. As die Suid-Afrikaanse rand depreseer, is dit 'n _____ vir uitvoerders en 'n _____ vir invoerders.

- A bedreiging; geleentheid
- B geleentheid; bedreiging
- C bedreiging; bedreiging
- D geleentheid; geleentheid

Onderwerp: Bestuur en Leierskap

25. Watter van die volgende verseker 'n lae personeelomset?

- A Werwing
- B Induksie
- C Plasing
- D Behoud

26. Wanneer 'n bestuurder sy diskresie gebruik oor of ekstra verlof vir 'n werknemer toegestaan moet word as gevolg van 'n sterfte in die gesin, toon hy _____ leierskap.

- A transaksionele
- B laissez-faire
- C transformasionele
- D situasiegebaseerde

Onderwerp: Gehalte-prestasie

27. Bestuur (governance) is:
- A die mag wat die regering oor die mense het.
 - B die manier waarop 'n maatskappy polities georganiseer word.
 - C die wyse waarop die land se Reserwebank bedryf word.
 - D die reëls en prosesse waardeur 'n maatskappy beheer word.
28. Wanneer 'n besigheid probeer om koste te verminder deur meer doeltreffend te wees, is dit deel van 'n:
- A konserwatiewe strategie.
 - B lae-koste strategie.
 - C groeistrategie.
 - D gebalanseerde strategie.
29. 'n Nuwe produk in 'n bestaande mark is:
- A verkoopstrategie.
 - B produkontwikkeling.
 - C markontwikkeling.
 - D diversifikasie strategie.
30. 'n Bestaande produk in 'n nuwe mark is:
- A verkoopstrategie.
 - B produkontwikkeling.
 - C markontwikkeling.
 - D diversifikasie strategie.

BESIGHEIDSTUDIES
GRAAD 12
RONDE 1 & 2

2022 2023 2024

MEMO

NATIONAL HIGH SCHOOL OLYMPIAD

NASIONALE HOËRSKOOL OLIMPIADE



ROUND ONE RONDE EEN

GR 12

BUSINESS STUDIES / BESIGHEIDSTUDIES

1 A B C D	6 A B C D	11 A B C D	16 A B C D	21 A B C D	26 A B C D
2 A B C D	7 A B C D	12 A B C D	17 A B C D	22 A B C D	27 A B C D
3 A B C D	8 A B C D	13 A B C D	18 A B C D	23 A B C D	28 A B C D
4 A B C D	9 A B C D	14 A B C D	19 A B C D	24 A B C D	29 A B C D
5 A B C D	10 A B C D	15 A B C D	20 A B C D	25 A B C D	30 A B C D

1.B	6.A	11.A	16.C	21.C	26.C
2.C	7.C	12.D	17.B	22.C	27.B
3.D	8.B	13.C	18.B	23.B	28.D
4.C	9.C	14.A	19.B	24.D	29.A
5.D	10.B	15.B	20.A	25.D	30.A

/30

ROUND TWO RONDE TWEE

GR 12

Symbol	Questions	Marks
Low order	7,8,18,19,21,22	/6
Moderate	2,3,4,20,23,24,25,26,27,28,29,30	/12
High order	1,5,6,9,10,11,12,13,14,15,16,17	/12
Answer		
Total:		/30

Topic		A	B	C	D
Legislation	1.				
	2.				
	3.				
Human Resources	4.				
	5.				
	6.				
Ethics	7.				
	8.				
Problem-solving	9.				
	10.				
	11.				
Macro	12.				
	13.				
	14.				
	15.				

Topic		A	B	C	D
CSR	16.				
	17.				
Human rights	18.				
	19.				
Team and conflict	20.				
	21.				
Sectors	22.				
	23.				
Management	24.				
	25.				
Quality performance	26.				
	27.				
	28.				
	29.				
	30.				



ACCOUNTING / REKENINGKUNDE

1	<input checked="" type="radio"/>	<input type="radio"/>	<input type="radio"/>	<input type="radio"/>
2	<input checked="" type="radio"/>	<input type="radio"/>	<input type="radio"/>	<input type="radio"/>
3	<input type="radio"/>	<input type="radio"/>	<input checked="" type="radio"/>	<input type="radio"/>
4	<input checked="" type="radio"/>	<input type="radio"/>	<input type="radio"/>	<input type="radio"/>
5	<input type="radio"/>	<input checked="" type="radio"/>	<input type="radio"/>	<input type="radio"/>

6	<input type="radio"/>	<input type="radio"/>	<input checked="" type="radio"/>	<input type="radio"/>
7	<input checked="" type="radio"/>	<input type="radio"/>	<input type="radio"/>	<input type="radio"/>
8	<input type="radio"/>	<input checked="" type="radio"/>	<input type="radio"/>	<input type="radio"/>
9	<input type="radio"/>	<input type="radio"/>	<input checked="" type="radio"/>	<input type="radio"/>
10	<input type="radio"/>	<input type="radio"/>	<input type="radio"/>	<input checked="" type="radio"/>

11	<input type="radio"/>	<input type="radio"/>	<input type="radio"/>	<input checked="" type="radio"/>
12	<input type="radio"/>	<input type="radio"/>	<input checked="" type="radio"/>	<input type="radio"/>
13	<input checked="" type="radio"/>	<input type="radio"/>	<input type="radio"/>	<input type="radio"/>
14	<input type="radio"/>	<input type="radio"/>	<input type="radio"/>	<input checked="" type="radio"/>
15	<input type="radio"/>	<input type="radio"/>	<input checked="" type="radio"/>	<input type="radio"/>

16	<input type="radio"/>	<input type="radio"/>	<input checked="" type="radio"/>	<input type="radio"/>
17	<input checked="" type="radio"/>	<input type="radio"/>	<input type="radio"/>	<input type="radio"/>
18	<input checked="" type="radio"/>	<input type="radio"/>	<input type="radio"/>	<input type="radio"/>
19	<input type="radio"/>	<input checked="" type="radio"/>	<input type="radio"/>	<input type="radio"/>
20	<input type="radio"/>	<input type="radio"/>	<input checked="" type="radio"/>	<input type="radio"/>

21	<input type="radio"/>	<input type="radio"/>	<input type="radio"/>	<input checked="" type="radio"/>
22	<input checked="" type="radio"/>	<input type="radio"/>	<input type="radio"/>	<input type="radio"/>
23	<input type="radio"/>	<input type="radio"/>	<input checked="" type="radio"/>	<input type="radio"/>
24	<input checked="" type="radio"/>	<input type="radio"/>	<input type="radio"/>	<input type="radio"/>
25	<input type="radio"/>	<input type="radio"/>	<input checked="" type="radio"/>	<input type="radio"/>

26	<input checked="" type="radio"/>	<input type="radio"/>	<input type="radio"/>	<input type="radio"/>
27	<input type="radio"/>	<input checked="" type="radio"/>	<input type="radio"/>	<input type="radio"/>
28	<input checked="" type="radio"/>	<input type="radio"/>	<input type="radio"/>	<input type="radio"/>
29	<input type="radio"/>	<input type="radio"/>	<input type="radio"/>	<input checked="" type="radio"/>
30	<input type="radio"/>	<input type="radio"/>	<input checked="" type="radio"/>	<input type="radio"/>

- | | | | | | |
|------|-------|-------|-------|-------|-------|
| 1. A | 6. C | 11. D | 16. C | 21. D | 26. A |
| 2. A | 7. A | 12. C | 17. A | 22. A | 27. B |
| 3. C | 8. B | 13. A | 18. A | 23. C | 28. A |
| 4. A | 9. C | 14. D | 19. B | 24. A | 29. D |
| 5. B | 10. D | 15. C | 20. C | 25. C | 30. C |

/30

BUSINESS STUDIES / BESIGHEIDSTUDIES

1	<input type="radio"/>	<input checked="" type="radio"/>	<input type="radio"/>	<input type="radio"/>
